Oktober 2018

Liewe Lidmaat

Die Kerk word op verskeie plekke in die Bybel die **Liggaam van Christus** genoem. Ons is geroep om die Here se hande, voete en mond op aarde te wees. Op 16 November 1961 het Lynnwood Gemeente afgestig van die Stellastaat gemeente met die roeping om Liggaam van Christus te wees in Lynnwood. Op 16 November 1967 is die hoeksteen "*Aan God die eer*" gelê en op 16 November 1968 is ons kerkgebou feestelik in gebruik geneem!

Ons **gemeentekompleks is vir 50 jaar** lank al 'n baken in ons omgewing. In die afgelope paar maande moes ons gereeld kwotasies kry om werk aan die geboue te laat doen en een van die maniere waarop heelwat kontrakteurs ons geantwoord het, is: "O die groot kerk in Lynnwood!" Laat verlede jaar was daar 'n kunstenares wat 'n uitstalling by ons gemeente kom hou het en nadat ons haar die kompleks gewys het, sê sy: "Dis soos 'n dorpie in die middel van die stad." Heelwat nie-lidmate uit ons omgewing huur verskillende lokale van die gemeente vir 'n verskeidenheid funksies.

Ons gemeente streef om **'n Lewegewende Fontein** te wees waardeur die Here sy gawes aan die gemeente en gemeenskap wil gee. Deur die jare het die Lewende Water gevloei deur die groot aantal bedieninge wat God se liefde uitdeel. Dit is met **diepe dankbaarheid** dat ons kan terug kyk oor 50 jaar en ons dank aan God bewys in ons Dankiemaand.

Aan die een kant betaal ons die geboueskuld vir uitbreidings spoediger af as wat die bank van ons verwag, maar aan die ander kant bly die lening 'n meulsteen om ons nekke. Die wonderlike nuus rondom ons skuld is dat ons potensiaal het om dit nog in hierdie jaar, met ons kerkgebou se vyftigste verjaarsdag, af te betaal. Dink aan al die wonderlike projekte wat ons gemeente kan aanpak as ons die laaste deel van die skuld delg!

Oorweeg asb 'n Dankffer bo-en-behalwe u normale dankoffer. Gebruik gerus die koevert of doen 'n elektroniese oorbetaling na NG Gemeente Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014. Merk dit Dankfees asb. Dankie vir u biddende oorweging.

Lynnwood Gemeente